

OPSOMMINGSBOEKIE



3 TOEKOMSMOONTLIKHEDE

vir Suid-Afrika





DINOKENG

*“die plek van riviere”,
... al die strome van ons verlede het
ineengevloei om hier en nou byeen te
kom, en al ons toekomsmoontlikhede
sal hiervandaan saamvloei.*

INHOUDSOPGAWE

Inleiding	3
Die Dinokeng boodskap	6
Suid-Afrika vandag	7
Suid-Afrika by 'n kruispad	12
Die scenario's	15
Eerste scenario: Loop Afsonderlik	16
Tweede scenario: Loop Agterna	19
Derde scenario: Loop Saam	22
Gevolgtrekking	25
Deelnemers	26
Glossarium	27

INLEIDING

Hoe sal ons land in 2020 daar uitsien? Sal ons as burgers beter daaraan toe wees? Of sal ons slegter daaraan toe wees? En wat sal die land se posisie in die wêreld wees?

Dit is die vrae wat gestel is deur die Dinokeng Scenario Span, 'n uiteenlopende groep bestaande uit 35 Suid-Afrikaners wat byeengekom het tydens vier werksinkels om moontlike vooruitskouings oor ons toekoms te probeer maak.

Dinokeng is 'n Sepediwoord wat “die plek van riviere” beteken. Dinokeng is in 'n pragtige opvanggebied geleë in die noord-oostelike hoek van Gauteng. Dit is die plek waar die Dinokeng Scenario Span vir drie driedaagse werksinkels tussen Augustus en November 2008 byeengekom het om die hede en verlede van Suid-Afrika te bespreek en om moontlike scenario's vir die toekoms te bedink. Die span het in Februarie 2009 in Johannesburg vir 'n vierde keer ontmoet, waartydens die hoofscenario's met groter sorg uitgestippel is.

Dinokeng is ook 'n woord wat die gees van die Span se gesprekke opsom: 'n samevloei van gedagtes deur verskillende Suid-Afrikaners om 'n gemeenskaplike toekoms te bou.



Die Span bestaan uit Suid-Afrikaners afkomstig van verskillende politieke partye, die regering, burgery, godsdiensgroepe, akademici, die media, die sakewêreld en vakbonde. Die span is byeengebring deur 'n groep saamroepers wat almal gesiene burgers is:

Dr Mamphela Ramphele, wat voorsitter van die saamroepers-groep was, aartsbiskop Njongonkulu Ndungane, mnr Bob Head, me Graça Machel, dr Vincent Maphai en mnr Rick Menell.

Die Dinokeng-oefening word deur Ou Mutual en Nedbank geborg wat 'n ruimte wou skep vir gesonde debat oor die toekoms van ons land. Die borge het egter beheer gehad oor nòg die sakelys, nòg die werksinkels of die finale produk. Dit is die eiendom van die Scenario Span.

Die Span verteenwoordig 'n uiters uiteenlopende groep Suid-Afrikaners met heel verskillende beskouings oor die land. Hoewel hulle nie oor alles saamstem nie, is daar 'n sterk saak wat hulle saambind: 'n verbintenis tot die beginsels van ons Grondwet, 'n begrip van die land se bitter en erge nalatenskap en 'n hartstogtelike besorgdheid oor hoe hulle as burgers 'n bydrae kan lewer om 'n beter toekoms vir Suid-Afrika te bewerkstellig.

Die doel van Dinokeng is *“die skep van 'n ruimte en taal vir oop, reflektiewe en beredeneerde strategiese gesprekvoering tussen Suid-Afrikaners oor toekomsmoontlikbede vir die land, asook die geleentbede, risiko's en keuses wat hierdie moontlikbede verteenwoordig.”*

Dit is 'n ruimte waarby alle Suid-Afrikaners ingesluit behoort te word. Alle Suid-Afrikaners – nie slegs die regering of diegene aan universiteite of in die koerantwese nie – moet betrokke wees by die debat oor ons toekoms. Selfs al sou mense verskil van die Dinokeng-scenario's, is hierdie 'n geleentheid om hul eie beskouings en hoop oor die toekoms te stel, en om self te kies wat hulle sal bydra om daardie toekoms te skep.

Al die vetgedrukte aanhalings in hierdie verslag is afkomstig van lede van die Dinokeng Scenario Span.



“Ons as Suid-Afrikaners is in staat om te beseef wat die land se potensiaal is; as ons maar net diep genoeg in onself kan delf om die besluit daartoe te neem.”

“Ons is by ’n kruispad; nogtans kan dit wat verkeerd is in Suid-Afrika reggestel word. Suid-Afrika is ’n land met groot geleenthede.”

“Die burgers moet eienaarskap neem en hulself afvra: Wat doen ons as burgers om agente van verandering te word? Wat doen ons om te bou aan dié toekoms wat ons met die koms van ons demokrasie in die vooruitsig gestel het?”

DIE DINOKENG-BOODSKAP

Die boodskap van die Dinokeng Scenario Span aan mede-Suid-Afrikaners is die volgende: Suid-Afrika staan vandag by 'n kruispad. Sedert 1994 het ons groot stappe vorentoe gegee. Maar ons het ook talle foute gemaak; foute wat uiters gevaarlik vir ons toekoms kan wees as ons hulle nie regstel nie.

As ons as Suid-Afrikaanse burgers nie met oorgawe betrokke raak by 'n meer bevoegde en doeltreffende regering om die land op 'n pad van vernuwing te plaas nie, staar ons dalk disintegrasie en agteruitgang in die gesig. Al ons winste sedert 1994 kan bedreig word. Ons sou selfs groot skade aan ons demokratiese stelsel aanrig as ons nie sommige van ons dringende maatskaplike uitdagings suksesvol hanteer nie.

Wat die land betref, het ons demokratiese regering belangrike verbeterings aangebring. Maar dit het ook op kritieke terreine, soos onderwys en gesondheid, swak gevaar. Die staatsdiens was ook nie so doeltreffend



en aanspreeklik teenoor die burgers soos wat dit moes wees nie. Dit was opmerklik dat burgers die afgelope paar jaar dikwels gesukkel het om hul stemme te laat hoor op 'n wyse wat aandag op hul griewe vestig. Soms gaan mense oor tot gewelddadige protes omdat hulle voel dat diegene in ons regering wat verantwoordelik is vir dienslewering, soos beter paaie, onderwys en gesondheid, nie aan hulle gehoor gee nie.

Vanweë talle redes vaar ons regering swak op sekere kritieke terreine. Dit is duidelik dat die regering nie die vermoë het om ons probleme op sy eie te kan aanspreek nie. Maar ander sektore van die samelewing was ook nie sterk daarop ingestel om die land in die geheel te verbeter nie. Dit het die ondersteuning en betrokkenheid van alle sektore en alle burgers nodig om dit wat nog verkeerd is in die land, reg te stel.

Die belangrikste boodskap wat dus uit die Dinokeng-proses voortgespruit het, is die volgende: **Ons kan ons kritieke uitdagings slegs aanspreek indien burgers en leiers uit alle sektore van die samelewing aktief met die staat saamwerk om dienslewering te verbeter. Ons as burgers moet ook daarop aandring dat alle sferes van die regering, van nasionale tot plaaslike vlak, aan ons verantwoording doen van hul prestasie.**

SUID-AFRIKA VANDAG

Omdat die Dinokeng Span glo dat die saad van ons toekoms in ons verlede en ons hede lê, het hulle hul besprekings begin met 'n deeglike ontleding van hoe die land tans daar uitsien: sy prestasies, uitdagings, suksesse en mislukkings, asook die las van 'n verdeelde en ongelyke verlede wat steeds gedra word.

Suid-Afrika se lotsbestemming hang ook nou saam met toestande in die res van die wêreld en op die vasteland. Die wêreldwye ekonomiese krisis het reeds 'n ernstige uitwerking op Suid-Afrika en sal nog verdere probleme vir ons ekonomie en ons mense veroorsaak. Ons lotsbestemming is ook verbonde aan dié van die res van Afrika. So byvoorbeeld sien ons die instroming van honderde duisende onwettige immigrante uit arm lande, in die besonder Zimbabwe, waar sowel die staat as die ekonomie ineengestort het.

Ons moet ook faktore soos klimaatsverandering en die impak wat dit op ons landbouproduksie en voedselveiligheid sal hê, in ag neem.

Suid-Afrika is nie 'n eiland nie. In terme van ons beleidsrigtings kan ons nie net doen wat ons wil nie. As ons 'n suksesvolle toekoms wil hê, sal ons bewus moet wees hoe die rykdomme van die vasteland van Afrika en die res van die wêreld ons beïnvloed.

ONS BATES

Die land het in die afgelope 15 jaar sedert ons eerste demokratiese verkiesing talle belangrike stappe vorentoe geneem. Een van ons hoofprestasies is dat ons nou 'n grondwetlike demokrasie het. Ons **Grondwet** is wêreldbekend en word gerespekteer. Dit beskerm die regte van individue asook van minderheidsgroepe en waarborg demokratiese regering deur die meerderheid.

By etlike geleenthede het ons Grondwetlike Hof individuele en morele regte beskerm ten spyte van openbare druk. So byvoorbeeld het die Hof die doodstraf geïnterpreteer as synde ongrondwetlik in die lig van die “reg op lewe”-klousule in die Handves van Menseregte. Dit het gebeur ten spyte van die feit dat die meerderheid van die bevolking die doodstraf vanweë ons hoë misdadaisyfer graag heringestel wil hê.

Dit is belangrik dat ons Grondwet ook voorsiening maak vir sosio-ekonomiese regte. Die Grondwetlike Hof kan en het die regering opdrag gegee om die verskaffing van huisvesting en toegang tot gesondheidsorg te verbeter.



Ons demokrasie word ook bygestaan deur **sterk, onafhanklike instellings**, insluitend die media en ander afdelings van die regspleging. Hierdie liggame kan en speel inderdaad 'n waghand-rol en maak seker dat die regering nie sy mag misbruik nie.

Ons het ook belangrike **ekonomiese winste** behaal. Sedert die koms van demokrasie het ons ekonomie voortdurend

gegroeï. Ons ekonomie het tussen 2005 en 2007 met gemiddeld 5% gegroeï. Hierdie groeikoers het egter afgeneem vanweë die impak van die wêreldwye ekonomiese krisis.

Ons het ons nasionale skuld ook dramaties verminder. Aan die einde van die Apartheidsera het ons skuld byna die helfte van die Bruto Binnelandse Produk (BBP) beloop – met ander woorde, die helfte van die land se algehele jaarlikse inkomste. Dit het beteken dat Suid-Afrika byna net soveel spandeer het aan die betaling van rente op die skuld as aan maatskaplike programme soos onderwys en behuising. Deur die bedrag wat ons moet leen, suksesvol te verminder, het ons ook ons algehele skuld verminder tot ongeveer 23% van die BBP – dus is die rente wat ons jaarliks betaal ook aansienlik minder.

Dit het die regering in staat gestel om belastings voortdurend te verminder, wat weer gehelp het om groei aan te moedig. Die ekonomie het sedert 1995 ongeveer **3,5 miljoen nuwe werksgeleenthede** netto geskep en werkloosheid het volgens die amptelike definisie van 31% in 2003 tot 23% in 2008 afgeneem.

Die vermindering van ons skuld het die regering in staat gestel om **maatskaplike besteding** aan onderwys, gesondheidsorg, maatskaplike toelaes, behuising en die regstelsel voortdurend te vergroot.

Onderwys maak tans die grootste gedeelte van die regering se begroting uit, naamlik meer as 20%. Laerskoolinskrywing is nou byna universeel en die aantal jongmense wat matriek slaag, het van 58% in 1994 tot 63% in 2008 gestyg. Terwyl onderwys-besteding tydens Apartheid uiters oneweredig tussen die verskillende rassegroepe verdeel is, word daar tans aan alle Suid-Afrikaners dieselfde bedrag toegewys.


Besteding aan **gesondheid** is die tweede grootste item van ons begroting. Dit het verlede jaar ongeveer R80 biljoen beloop. Klinieke vir primêre gesondheidsorg is dwarsdeur die land opgerig. Malaria het afgeneem as gevolg van 'n gesamentlike poging om muskiete uit te roei in die gebiede waar malaria die meeste voorgekom het, en kinderimmunisasie is nou byna 90%.

Ander maatskaplike prestasies is die lewering van skoon water aan meer as vyf miljoen huishoudings, 'n toename in die aantal elektrisiteitsverbindinge, beter paaie en die voorsiening van maatskaplike toelaes aan 13 miljoen mense.

ONS LASTE

Ons kan trots wees op hierdie prestasies, maar ons land staan steeds ernstige uitdagings in die gesig. Ten spyte van die geld wat die regering aan onderwys en gesondheid spandeer het, kon dit veral nie onderwys en gesondheidsorg van gehalte lewer nie.

Op **onderwysterrein** het ons kinders die heel swakste in wiskunde en geletterdheidstoetse gevaar in vergelyking met kinders uit ander wêrelddele. “Ons is Nommer Laaste”, het een Scenario Spanlid gesê.



Hoewel ons matriekslaagsyfer hoër is, slaag slegs 20% van die matrikulante met universiteitsvrystelling. Die infrastruktuur van talle van ons skole is swak. 79% het geen biblioteke nie, 60% geen

laboratoriums nie en 68% geen rekenaars nie. Omdat ons onderwysers prestasiebestuur teengestaan het, is dit nie maklik om te bepaal of hulle werklik gehalte-onderwys aan die kinders lewer nie.

Dieselfde geld **gesondheid**. Ten spyte van die geld wat hieraan spandeer word, is ons aanduiders onrusbarend. Ons het die vierde hoogste HIV/Vigs-besmetting- en tuberkulosesyfer ter wêreld.

Lewensverwagting in Suid-Afrika het grootliks as gevolg van die HIV/Vigspandemie afgeneem van 63 jaar in 1990 tot net 51 jaar in 2006. Daar is ook ernstige probleme met die gehalte van mediese sorg in ons staatshospitale. Dit word aangetoon deur die feit dat kraambedsterftes (moeders wat sterf tydens die bevalling) en babasterftes (kinders wat voor hul eerste verjaardag sterf) toegeneem het.

“Mense glo nie dat daar medisyne in die klinieke sal wees nie.”



Misdaad is 'n baie groot probleem. Suid-Afrika se misdadaasyfer is van die hoogste in die wêreld, en dit lyk asof die polisie en howe nie in staat is om hul swaar werkklas te hanteer nie. In toenemende mate maak diegene wat dit kan bekostig nie meer staat op die polisie om hulle te beskerm nie. Hulle betaal eerder privaat sekuriteitsmaatskappye om sodanige diens te lewer. Arm gemeenskappe wat nie privaat sekuriteit kan bekostig nie, verloor dikwels vertroue in die polisie en neem die wet in eie hande.



Werkloosheid en armoede is van ons grootste uitdagings. Hulle hang ten nouste saam: diegene wat werkloos is, is waarskynlik ook die armstes onder die armes. Werkloosheid hang ook nou saam met die gebrek aan onderwys en vaardighede. Hoe minder 'n persoon geskool of gekwalifiseerd is, hoe skraler is sy of haar kans om ordentlike werk te kry. Die werkloosheidsyfer van diegene met universiteitsgrade is slegs 3%, vir diegene met matriek is dit 28%, maar vir diegene sonder matriek is dit meer as 60%. Meer as die helfte van die mense tussen 20 en 24 jaar is werkloos.

“Daar word van die jeug vergeet. Die werkloosheids- en armoedevlak van ons jeug in die swart woongebiede is onrusbarend.”

Al hierdie faktore saam veroorsaak groot ongelykheid en armoede in ons gemeenskap. Hoewel maatskaplike toelaes 'n verandering in mense se lewens teweegbring het, word 40% huishoudings steeds beskou as arm. Ongelykheid het toegeneem onder swartmense, terwyl dit tussen verskillende rassegroepe omtrent dieselfde gebly het as wat dit tydens Apartheid was.



SUID-AFRIKA BY 'N KRUISPAD



Die Dinokeng Scenario Span glo dat Suid-Afrika tans by 'n kruispad staan.

*“Die toekoms word nooit gegee nie;
dit word geskep.”*

As ons nie daarin slaag om die dreigende gevare van 'n wankelrige onderwys- en gesondheidsorgstelsel, die onaanvaarbaar hoë misdaadvlakke, werkloosheid en armoede die hoof te bied nie, sal ons alles wat ons sedert 1994 bereik het, verloor.

Die kern van ons probleme is 'n gebrek aan leierskap en aanspreeklikheid. Dit is te wyte aan die regering wat politieke ondersteuners beloon het met poste in die staatsdiens, in plaas daarvan om eerder mense wat bevoeg is om die werk te doen, aan te stel.



Hoewel ons Grondwet die burgers verseker van 'n doeltreffende staatsdiens, word daar tans nie aan hierdie onderneming gestand gedoen nie.

Ons het ook gemerk dat die sake-, godsdien-, arbeids- en gemeenskapsleiers hulle meer toespits op hul eie belange as op die belange van die bevolking in die geheel.

Leiers in alle sektore behoort verantwoordelikheid te aanvaar vir ons probleme en die oplossing daarvan. Dieselfde geld alle burgers.



*“Kom ons stop die motorkavalkades.
Dit behoort 'n eer te wees om in die
staatsdiens te wees.”*


Voor 1994 het burgeraktiwisme 'n sterk rol in Suid-Afrika gespeel. Tans is die burgers grootliks onbetrokke en toenemend afhanklik van die regering om hulle van alles te voorsien. Dit is 'n probleem.

Die gehalte van ons leierskap en die rol wat die burgers speel in die verdere heropbou van ons land sal bepaal of ons ons probleme oplos voordat hulle “tydbomme” word.

“Daar behoort geen toegewing te wees vir middelmatigheid wat as leierskap voorgelou word nie.”



DIE SCENARIO'S



Scenario's is nie voorspellings nie. Hulle beskryf moontlike toekomsroetes. Al die scenario's wat die Dinokeng Span voorgestel het, is moontlik. Dit is ook moontlik dat die toekoms 'n mengsel van al drie scenario's sal wees, soos hier onder aangedui. Wat scenario's nuttig maak, is dat hulle ons die geleentheid bied om die rigtings en neigings van 'n ingewikkelde wêreld te ontleed ten einde die risiko's en geleenthede duideliker te kan waarneem.

Met dit in gedagte, het die Dinokeng Span drie moontlike paaie vir die toekoms uitgestippel. Hulle hang almal van twee dinge af: die eerste is die gehalte van leierskap in die regering en die gemeenskap in die geheel; die tweede is die gehalte van die verhouding tussen die burgers en die regering. Hierdie verhouding tussen die burgers en die staat sal bepaal hoe en of ons 'n suksesvolle toekoms vir Suid-Afrika kan bou.



E E R S T E S C E N A R I O

L O O P A F S O N D E R L I K

In die eerste scenario, **Loop Afsonderlik**, gaan ons voort op dieselfde weg wat ons tans volg. Dit is 'n geval van “stoeledans” of “herskommelde elite”. Ons dringende probleme – werkloosheid, armoede, veiligheid en sekuriteit, en swak lewering van openbare gesondheid en onderwys – vererger.

Die regering kan nie voldoen aan sy verkiesingsbeloftes nie, want die mees bevoegde persone word nie in die staatsdiens aangestel nie. Staatsdiensposte word eerder gebruik as “belonings” vir politieke steun. Openbare vertroue in openbare instellings taan. Wanneer burgers begin protesteer oor die gebrek aan maatskaplike dienslewering, reageer die regering deur eenvoudig maatskaplike toelaes te verhoog.

Dit verlig die probleem vir 'n rukkie, maar teen 2012 sal dit duidelik wees dat as gevolg van baantjies vir boeties wat regeringsaanstellings en -tenders betref, maatskaplike dienslewering steeds onvoldoende sal wees. Onderwys wankel; die gebrek aan vaardighede vererger die werkloosheidsprobleem. Die gesondheidsorgsektor misluk ook, omdat die regering toegewyde personeel verbonde aan die openbare gesondheidsektor verloor.

Burgers is ontnugter. Talle onttrek hulle aan die openbare lewe. Teen 2017 sal dienslewering dwarsdeur die land geweldig ongelik wees en “skadumagte” sal die leemte wat deur regering gelaat is, begin vul. Hierdie magte is dalk misdaadbendes wat maatskaplike dienste lewer in ruil vir geld, of ander gewetenlose groepe buite die regering, wat dus nie aanspreeklik gehou sal kan word nie.

Teen 2020 sal selfaangestelde “burgemeesters”, taxiverenigings of bendes die heerskappy voer oor sekere gebiede. Die regering het te veel aan maatskaplike toelaes spandeer en hulle nie daarop toegespits om ooreenkomste met beleggers en die arbeidsmark aan te gaan ten einde werksgeleenthede te skep nie.


Burgers protesteer dwarsdeur die land. Onrus neem toe en omdat die staat nie oplossings kan vind nie, word protesaksies onderdruk. Uiteindelik word ’n noodtoestand afgekondig om die protesaksies aan bande te lê. Suid-Afrika beweeg van ’n ontwikkelende demokrasie na ’n gesagstaat.

Die boodskap van hierdie scenario is dat as ons voortgaan op die huidige weg, ons snelle disintegrasi en verval sal ervaar.



OPSOMMING: SCENARIO 1: LOOP AFSONDERLIK

GISTER, VANDAG EN MÔRE IS DIESELFDE: 2009 – 2011	SKAAF DIE KANTE EFFENS: 2012 – 2014	DIE SKADUWEES WORD LANGER: 2015 – 2017	REGERING VAN DIE STERK MAN: 2018 – 2020
<ul style="list-style-type: none"> • Regerende party behou meerderheid. • Wêreldwye krisis lei tot afname in beleggings, groei en belasting-inkomste. • Krisisooreenkoms tussen regering, arbeid en sakewêreld misluk. • Regering brei Program van Openbare Werke uit om poste te skep. • Burgers raak rusteloos en regering vergroot maatskaplike toelaes. 	<ul style="list-style-type: none"> • Baantjies vir boeties en korrupsie in regerings-aanstellings en -tenders. • Onderwys en gesondheidsorg gaan agteruit. • Verwydering tussen regering en burgers. • Die regering verhoog maatskaplike toelaes en die salarisse van staatsamptenare; daar is tans baie meer mense wat maatskaplike toelaes ontvang as dié wat belasting betaal. • Regerende party wen verkiesing met kleiner meerderheid. 	<ul style="list-style-type: none"> • Misdaad neem toe: getal private sekuriteitsbeamptes teenoor polisiemanne is 3 teen 1. • Strafbestelsel raak al hoe meer ondoeltreffend vanweë baantjies vir boeties en korrupsie. • Vakbonde probeer die regering oortuig om die minimum loon te verhoog. • Beleggings krimp verder; werkloosheid neem toe. • Dienslewering misluk; alternatiewe wyses van dienslewering ontwikkel en skadumagte se mag neem toe. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die verwydering neem toe; begrotingstekorte vergroot; dienslewering verswak verder. • Die elite koop hul weg oop en die armes verloor geduld. • Bendes, selfaangestelde burgemeesters en taxi-verenigings regeer in plaaslike gebiede. • Die “sterk man” wen die verkiesing, uitslag word betwis. • Protesaksies kring uit en regering verklaar noodtoestand.



T W E E D E S C E N A R I O

L O O P A G T E R N A

In die tweede scenario, **Loop Agterna**, besluit die staat om die ontwikkelingsproses aktief te lei.

Dit meng direk in by die ekonomie deur toenemend geldelike steun aan groot staatsbeheerde ondernemings en belangrike infrastruktuurprojekte te verleen. Die regering brei ook programme van Openbare Werke uit om meer werksgeleenthede vir ongeskoolde mense te skep.

Daar word egter nie genoeg kennis geneem van die werklikhede van die wêreld ekonomie nie. Teen 2012 is dit duidelik dat privaate beleggers “uitgewerk” is deur groot regeringsuitgawes en nie-mededingende toestande. Hulle is nie bereid om in die groot regeringsgesteunde projekte te belê nie. Aangesien die staat meer geld benodig om in die ekonomie te belê, word belastingverhoog en ’n loonbevriesting op alle staatsamptenare van toepassing gemaak. Dit maak opgeleide persone in sowel die openbare as privaatsektor ongelukkig: diegene wat oor die beste vaardighede beskik, verlaat die openbare sektor, en gevolglik word die dienslewingsprobleem net erger. Beleggers is lugtig as gevolg van die toename in belastingkoerse.

Teen 2017 blyk dit dat sommige van die groot nywerheidsprojekte waarin die regering belê het en wat as “wenners” beskou is, eintlik “verloorders” is. Hulle kan nie internasionaal meeding nie en in plaas daarvan dit hulle geld maak, kos hulle

die regering, wat uiteindelik al hoe meer aan hierdie projekte spandeer, meer as wat dit kan bekostig. Gevolglik besluit die regering om voorgeskrewe batewetgewing in te stel, wat vereis dat privaatsektorfondse in bepaalde projekte belê word.

Beleggingsgraderings daal en die regering word gedwing om geld teen hoër rentekoerse op die internasionale markte te leen. Uiteindelik word die regering in 2019 gedwing om 'n lening by 'n multilaterale finansiële liggaam, soos die Internasionale Monetêre Fonds, aan te gaan. Die IMF stel sekere voorwaardes vir die lening. Hierdie voorwaardes sluit 'n groot terugsgnoei van maatskaplike besteding in; gevolglik verswak die lewensomstandighede van die burgers.

Dit lei tot wydverspreide ontevredenheid. Die staat druk sy wil met mag af.

Die risiko verbonde aan hierdie scenario is dat die staat heeltemal oorspandeer op die begroting deur te veel by die ekonomie in te meng. Die regering word gedwing om meer geld te leen. Die regering kan nie weer leen by die internasionale effektemarkte waar dit voorheen geld geleen het nie, omdat leners nie weer aan die land geld sal toestaan nie. Die regering sal hom tot die IMF moet wend. Die IMF sal geld slegs onder sekere voorwaardes leen. Dit beteken dat die land nie langer sy eie bestedingsvoorkeure kan bepaal nie. Die burgers is ontevrede, die staat stort in duie en ons demokrasie word in die gevaar gestel.

Die boodskap van hierdie scenario is dat staats-beheerde ontwikkeling nie suksesvol kan wees as die staat se vermoë swak is en die privaatsektor en die burgerlike gemeenskap opsy gestoot word nie. Die staat sal uiteindelik bokant sy vermoë spandeer en sodoende ons demokrasie in gevaar stel. Die boodskap aan die burgers is dat ons daarteen moet waak om selfvoldaan te wees en eenvoudig te verwag dat die staat in alles moet voorsien.



OPSOMMING: SCENARIO 2: LOOP AGTERNA

VERSNEL ONTWIKKELING: 2009 – 2011	VERDRYF DONKER WOLKE: 2012 – 2014	STAAT STEUN “WENNERS”: 2015 – 2017	DIE GETY DRAAI: 2018 – 2020
<ul style="list-style-type: none"> • Regerende party behou meerderheid. • Wêreldwye krisis beteken 'n afname in belegging, groei en belasting-inkomste. • Regering verbind tot voortgesette belegging in groot infrastruktuurprojekte. • Regering bevorder staat se vermoë deur groter koördinasie en opleiding. • Uitgebreide programme van openbare werke skep meer ongeskoolde poste. 	<ul style="list-style-type: none"> • Verlies aan poste neem toe namate wêreldwye krisis verskerp; regering sprei maatskaplike welsynsnet. • Regering verhoog inkomstebelastings, bevries staatsdiens-salarisse. • Nasionale Ekonomiese Spitsberaad lei tot ooreenkoms aangaande groei en beleggings. • Verkiesingsveldtog gevoer op “pro-armes”-platform. • Regerende party se oorwinning is mandaat vir nog meer staatsinmenging by ekonomie. 	<ul style="list-style-type: none"> • Regering versnel grootskaalse infrastruktuurprogram om ontwikkeling te bevorder. • Regering bewus van tekort aan vaardighede tydens ontwikkeling van hoëtegnologie-ondernemings in staatsbesit, die “wenners”. • Verbetering van vaardighede met behulp van beter onderwys en vakopleiding verkry voorkeur. • Sommige “wenners” word “verloorders”, met groot onkoste vir die staatskas. • Voorgeskrewe batewetgewing dwing privaatbeleggings in groot projekte. 	<ul style="list-style-type: none"> • Voorgeskrewe batewetgewing vervreem sakewêreld: beleggingskontrakte en werkloosheid neem af. • Staat leen teen hoë rentekoerse om toenemende verliese te befonds. • Verkiesing se slagspreuk is “Groeï en Hervreiding”. • Land kry IMF-lening op voorwaarde dat staatsbesteding skerp teruggesnoei word. • Wydverspreide ontevredenheid en protesaksies: regering tree onderdrukkend op.



DERDE SCENARIO

LOOP SAAM

In die derde scenario, **Loop Saam**, word ons uitdagings aangespreek deur aktiewe burgerbetrokkenheid, 'n bevoegde staat en sterk leierskap in al die sektore. Goeie regering, bevoegde dienslewering en aktiewe burgerbetrokkenheid word die sleutel tot die regstelling van die ernstigste maatskaplike probleme wat 'n groot bedreiging vir die land sou inhou indien hulle nie aangespreek word nie.

Nadat daar voortgestrompel word tot 2011, met mislukte “krisis”-ooreenkomste waardeur gepoog word om poste te red en die ekonomie te bestendig te midde van die wêreldwye ekonomiese krisis, begin die burgers die inisiatief neem. Met behulp van gesondheidsorgkomitees, antimisdaad-straatkomitees en ouerverenigings begin die burgers eis dat daar 'n verbetering kom in die lewering van die belangrikste maatskaplike dienste: onderwys, gesondheid en veiligheid.

Die regering luister na en begryp die bekommernisse van die burgers en begin om aktief met hulle saam te werk. Die 2014-verkiesing vind plaas met die gedagte aan 'n onbesproke en bevoegde regering.

Teen 2016 kom 'n Burgerhandves tot stand; dit bring die onderskeie plaaslike komitees wat dwarsoor die land tot stand gekom het, byeen. Die regering inisieer 'n sosiale ooreenkoms in reaksie op hierdie Handves. Die vakbonde en die sakewêreld word hierby betrek ten einde die werkloosheidsprobleem wat

veral onder die jeug voorkom, te help oplos. Ouerverenigings word ook geraadpleeg ten einde onderwys te probeer verbeter, terwyl die gesondheidskomitee probeer om probleme, soos die diefstal van medisyne, waardeur die funksionering van klinieke en staats hospitale ondermyn word, hok te slaan.

Die regering begin hom toespits op beter dienslewering. Namate die onderwys verbeter, verbeter die vaardigheidsvlak. Beleggersvertroue neem toe. Wanneer die wêreld ekonomie teen 2016 'n keerpunt beleef, sal die sakegemeenskap, arbeid en die breër gemeenskap meer verantwoordelikheid op hulle neem en saam met die regering werk vir die lewering van onderwys en gesondheidsorg van gehalte en die tref van teenmisdaadmaatreëls, wat ons nodig het vir ontwikkeling.

Burgers begin voel dat hulle sukses bereik het. Nou begin hulle steun werf vir groter aanspreeklikheid deur politici. Teen 2020 sal parlamentslede, burgers en die howe help om 'n verandering aan die stelsel van proporsionele verteenwoordiging in te lui. Dit open die weg vir politici om meer direk aanspreeklik teenoor die kiesers te wees.

As die kiesers dus probleme ondervind met gesondheidsorg, onderwys, behuising of die toestand van die paaie, parke of biblioteke in hul gebied, kan hulle direk hul parlementêre verteenwoordiger nader om hulle te help om dit op te los. As die kiesers se verteenwoordiger misluk, kan hulle hom of haar uitstem.

Die boodskap van hierdie scenario is dat ons almal ons uitdagings moet aanspreek. As die burgers betrokke raak, die voortou neem en die regering aanspreeklik hou; as 'n meer doeltreffende en bevoegde regering gebou word; en as leiers in alle sektore uitstig bo hul beperkende eiebelange, kan ons dalk die land op die regte weg plaas.



OPSOMMING: SCENARIO 3: LOOP SAAM

DIE BLEEK JARE: 2009 – 2011	BURGERS EIS MEER: 2012 – 2014	'N SOSIALE OOREEN- KOMS KOM NA VORE: 2015 – 2017	BOU VAN 'N NASIE: 2018 – 2020
<ul style="list-style-type: none"> • Regerende party behou meerderheid. • Wêreldwye krisis lei tot afname in beleggings, groei en belasting-inkomste. • Krisisooreenkoms strompel voort. • Dienslewering gaan agteruit. • Groepe burgers begin optree wat gesondheidsorg, onderwys en misdaad betref. 	<ul style="list-style-type: none"> • Gesondheidsorg- en ouerverenigings word landswyd gestig. • Regering beloof optrede teen onbevoegde bestuurders en staatsamptenare. • Verbeterings in dienslewering. • Regerende party voer verkiesingsveldtog met slagspreuk van bevoegde regering. • 'n Verswakte regerende party se mag word herstel; vorm alliansie met ander partye. 	<ul style="list-style-type: none"> • Ekonomie begin stadigaan herstel, maar nie genoeg om groterwordende armoede aan te spreek nie. • 'n “Burgerhandves” kom tot stand. • 'n Formele sosiale ooreenkoms kom na vore: politieke partye, arbeid, sakewêreld en burger-groepe is betrokke. • Sakewêreld dra groter verantwoordelikheid wat betref onderwys, infrastruktuur en gesondheid. • Vakbonde ondersteun maatreëls om werkloosheid onder die jeug te bestry. • Burgers werk saam met die regering om onderwys, gesondheidsorg en misdaad te monitor. 	<ul style="list-style-type: none"> • Regering spits hom toe op lewering van kern-dienste vir die bevolking. • Sakewêreld belê meer, meer poste word geskep. • Internasionale beleggers-vertroue word aangemoedig deur saamwerkende regering. • Burgers vereis groter aanspreeklikheid deur politici; opposisiepartye reageer positief. • Burgers, parlamentslede en howe bring verandering in stemstelsel teweeg, sodat politici direk aan kiesers verantwoordig moet doen.

GEVOLGTREKKING

“Ons moenie toelaat dat 'n goeie scenario deur ons vingers glip nie. Ek bet vier jong seuns en ek wil verseker wees dat my kleinkinders in 'n land sal woon waar hulle veilig kan leef in 'n beskutte huis, 'n goeie skool kan bywoon en die lewe sal kan banteer.”

Met behulp van hierdie drie scenario's stel die Dinokeng Scenario Span die volgende belangrike vrae aan al die burgers van Suid-Afrika:

Hoe kan ons as Suid-Afrikaners ons dringendste probleme oplos voordat hulle tydbomme word wat alles wat ons bereik het, gaan vernietig?

Wat kan elkeen van ons doen – in ons huise, gemeenskappe en werkplekke – om 'n toekoms te bou wat aan die belofte van 1994 sal voldoen?

'n Sterk demokrasie is nie net afhanklik van 'n bevoegde staat nie, maar ook van 'n aktiewe en betrokke burgerlike samelewing wat saamwerk met en die regering aanmoedig om die vryheidsbeloftes gestand te doen.

Suid-Afrikaners staan by 'n kruispad. Elkeen van ons – burgers, leiers en die regering – moet kies hoe ons vorentoe stap. Ons bou ons toekoms met die treë wat ons kies om te gee.



DEELNEMERS

Die volgende persone het vryelik van hul denke en tyd geskenk om hierdie produk te lewer:

Scenario Span:

Miriam Altman	Reuel Khoza	Yogan Naidoo
Frans Baleni	Kallie Kriel	Njongonkulu Ndungane
Ann Bernstein	Antjie Krog	Maite Nkoana-Mashabane
Nkosinathi Biko	Graça Machel	Thandi Nontenja
Cheryl Carolus	Mary Malete	Thami ka Plaatjie
Angela Coetzee	Vincent Maphai	Mamphela Ramphele
Ryan Coetzee	Rick Menell	Sonja Sebotsa
Paul Hanratty	Daniel Mminele	Raenette Taljaard
Bob Head	Namhla Mniki	Mathatha Tsedu
Haniff Hoosen	Aaron Motsoaledi	Sim Tshabalala
Moemedi Kepadisa	Jay Naidoo	Musa Zondi

Let wel: Deelname aan die Scenario Span impliseer nie noodwendig instemming met die geheelinhoud van hierdie Scenario-verslag, gegrond op die werk van die Span maar uitgereik deur die Saamroepers, nie. Die doel van die Dinokeng Scenario's is eerder die bevordering van oop en reguit dialoog, 'n "saamvloei" van verskillende beskouings oor die toekoms van Suid-Afrika, binne en buite die Scenario Span, as om saam te stem oor die fyner besonderhede van 'n spesifieke teks.

Sekretariaat

Sarah Babb	Adam Kahane	Debra Marsden
Matt Bland	Itumeleng Mahabane	Ishmael Mkhabela
Pippa Green	Alayne Mannion	Yvonne Muthien

GLOSSARIUM

GLOSSARIUM

Vigs	Verworwe immunitetsgebreksindroom
UOWP	Uitgebreide openbarewerkeprogram
BBP	Bruto binnelandse produk
IMF	Internasionale Monetêre Fonds
OS'e	Ondernemings in Staatsbesit
TB	Tuberkulose

DEFINISIES

- “Staat” verwys na die totale aantal staatsinstellings, insluitend alle takke en vlakke van regering, asook onafhanklike instellings en “staatsliggame” waarvoor daar in die Grondwet voorsiening gemaak word.
- “Regering” verwys na die “uitvoerende gesag”, insluitend die drie afdelings van nasionale, provinsiale en plaaslike regering, asook landsbestuur.
- “Regerende party” verwys na die politiekemeerderheidsparty wat die huidige regering vorm.



ERKENNINGS

- Borgskap en ondersteuning van Old Mutual en Nedbank
- Ontwerp, setwerk, uitleg en redering deur Studio 5
- Ilustrasies deur Len Sak

www.dinokengscenarios.co.za

*“As jy vinnig wil loop, loop alleen.
As jy ver wil loop, loop saam.”*

Afrika gesegde



www.dinokengscenarios.co.za

THE
DINO KENG
SCENARIOS